Maar God

Beste Bidder

***Jerigo Mure Gebedsgids* in 'n nuwe baadjie**
Vanaf hierdie maand sal die *Jerigo Mure Gebedsgids* nie meer tweemaandeliks nie, maar wel kwartaalliks verskyn. Hierdie besluit het gekom oor 'n tydperk waartydens ons die hulpbronne en personeel tot ons beskikking in heroënskou moes neem. Ons dank die Here wat aan ons soveel guns verleen het. Hierdie uitgawe van die *Jerigo Mure Gebedsgids* is die eerste wat by 'n beperkte aantal Christelike boekwinkels in Suid-Afrika te koop sal wees. Soos jy sal opmerk, is die gebedsgids ietwat "lywiger" as gewoonlik. Jy sal heelwat meer daarin kry as waaraan jy gewoond is! Dit is ons begeerte dat die boekie in sy nuwe formaat nog meer mense sal inspireer om stelling in te neem en vir ons nasie en die ongeredde volke van die wêreld te bid en vir hulle in die bres te staan.

Ons het enkele nuwe items ingesluit:
- Afsonderlike artikels vir kinders, jongmense, mans en vroue
- Getuienisse van bestaande gebedswagte in Suid-Afrika
- 'n Bybelvers om elke week te memoriseer
- Dieper lering tov gebed
- 'n Maandelikse fokus op 24/7-gebedswagte

Ons vertrou werklik dat jy die nuwe formaat en addisionele inhoud sal geniet. Ons vertrou ook dat die boekie met hierdie veranderings tot groter nut vir die wyer Christelike publiek sal wees.

Daar is verskeie sake wat ons in die komende maande in gebed voor die troon van genade wil bring:

- ***Wêreldnaweek van Gebed vir Kinders in Nood*:** Vanjaar se *Wêreldnaweek van Gebed vir Kinders in Nood* vind op 7 en 8 Junie plaas. Verlede jaar het meer as 4 miljoen mense in klein en groot groepe, in kerke, huise, oop ruimtes, parke en oral waar dit vir hulle gerieflik was, gebid. Oorweeg om hierdie naweek 'n spesiale poging aan te wend om by jou kerk of gebedsgroep vir die kinders in nood te bid. (Vir meer inligting, sien webruimte www.viva.org of e-pos: pray@viva.org).
- **Bid vir die Maledive eilande:** Vanjaar is tot jaar van gebed vir die Maledive eilande verklaar. Ongeveer 34-40% van die bevolking van 300 000 is jonger as 15 en die land het die wêreld se hoogste egskeidingsyfer. 'n Geskatte 99% van die bevolking is Moslems.
- **Tien lande waar Christene die meeste vervolg word:** Ons sal vanaf die tweede week in Junie elke Woensdag fokus op die tien lande in die wêreld waar Christene die meeste onder vervolging ly.
- ***G8-beraad 2008*: Hokkaido, Japan:** Japan is vanjaar die gasheer vir die *G8-beraad* wat van 7 tot 9 Julie sal plaasvind. Verteenwoordigers van die Verenigde State van Amerika, Frankryk, Rusland, die Verenigde Koninkryk, Duitsland, Japan, Italië en Kanada, asook 'n aantal verteenwoordigers van die *Europese Unie*, sal die beraad bywoon. Dra die leiers van elk van hierdie lande deur gebed aan God op en vra dat God se agenda gevolg sal word, ongeag wat die mens beplan. Volg die daaglikse gebedswenke vir 7 tot 9 Julie.
- ***Olimpiese Spele*: *808 China Blessing*:** Die *808 China Blessing* is 'n wêreldinisiatief om 'n miljard Christene regoor die aarde te verenig om op die aand van 2008-08-08 om 8 minute oor 8 vir Sjina te bid. Vir elke maand in die aanloop tot 8 Augustus, sal daar gebedswenke op die *808 China Blessing* se webruimte, www.808chinablessing.org beskikbaar wees wat jou sal help om jou gebede op die spesifieke behoeftes in Sjina te fokus. In hierdie boekie plaas ons 'n tweeledige gebedsfokus op Sjina vir die duur van die *Olimpiese Spele:* eerstens sal ons bid vir guns vir die evangelie onder die nasies van die wêreld wat Sjina gaan besoek. Tweedens sal ons fokus op 'n aspek rakende die evangelie in die kerk en onder die mense van Sjina. Oorweeg dit asseblief om te bid en te vas en God te vra vir baie geestelike deurbrake in sowel Sjina as onder die nasies van die wêreld in hierdie tyd. Lees ook die artikel oor Sjina by 13 Augustus.
- **Gebedsfokus tydens Ramadaan: 1–30 September 2008**
  Ons sal volle besonderhede oor gebedswenke gee oor hoe jy kan bid vir deurbrake vir die evangelie onder die 2,7 miljard mense in die wêreld wat hulleself Moslems noem. Gedurende September vier hulle Ramadaan, wat vir hulle 'n tyd van vas en toewyding aan Allah is. Oor die afgelope aantal jare het 'n steeds toenemende getal Moslems elke

jaar die Here gevind. Skakel ons betyds indien jy die inligting voor 1 September benodig. Daar sal ook gedurende September gebedswenke vir elke dag in hierdie gebedsgids wees. Moedig gebedswagte aan om hulle in September op gebed vir die Moslems regoor die wêreld toe te spits.

- ***Gebed vir Jerigo Mure Internasionale Gebedsnetwerk*:** Kan ons ook vra vir gebed vir *Jerigo Mure Gebedsnetwerk*? Jou gebede is werklik nodig. Ons beleef God se guns deurdat skakeling en netwerk met ander steeds uitbrei, maar die weerstand is egter altyd daar. Bid vir ons personeel wat as vrywilligers regoor die land werk. Loof en dank God saam met ons aangesien hierdie uitgawe van die *Jerigo Mure Gebedsgids* die eerste een is wat in 'n aantal Christelike boekwinkels beskikbaar gaan wees. *Jerigo Mure Gebedsnetwerk* staan voor groot finansiële uitdagings, o.a. omdat deure voor ons oopgaan soos nog nooit vantevore nie: gevangenisse, polisiestasies, talle gemeentes, skole en universiteite het 'n geweldige vraag na literatuur en ander gebedshulpmiddels. Terselfdertyd is daar is ook 'n vinnig groeiende geroep om hulp uit nasies van al die kontinente. Bid asseblief vir ons – dat God in Sy ryke genade en ontferming sal voorsien. Bid ook vir voortdurende wysheid wanneer beskikbare fondse aangewend word. Ons benodig minstens 'n bykomende R100 000 per maand om met die huidige werk vol te hou.

Mag elkeen van ons elke dag biddend voor die troon van genade staan. Onthou altyd om die Here te dank. **Jesaja 12:4-6** sê kortliks: *Loof die Here, roep sy Naam aan, verkondig dat sy Naam groot is, sing tot eer van die Here, jubel en juig voor die Here.* Laat ons Hom dan dank vir Sy uitnemende goedheid.

Bennie Mostert
Besturende Direkteur: *Jerigo Mure Internasionale Gebedsnetwerk*
Ef.3:20

WAT, WAAR EN WANNEER

Plaaslik

Junie - Augustus 2008: *Survivor Naweek*
Spanne van tot 10 persone (18-30 jaar) word uitgenooi om vir 'n naweek die lewe by die Gebedshuis in Bellville te kom ervaar. Daar sal gebedstye wees, onderrig oor gebed, bespreking oor dringende kwessies vir mense van hierdie ouderdom, die beantwoording van vrae ens. Jy kan self kom beleef hoe om Jesus aan jou omgewing voor te stel, maar ook geleentheid hê vir 'n persoonlike ontmoeting met die Here Jesus gedurende aanbiddings- en gebedstye. Die naweek sluit af met 'n gebedsuitreik in die plaaslike gemeenskap. Kontak Lizette so gou moontlik by cape@jwipn.com of tel.: 021 919 7988.

Junie - Augustus 2008: *Shalom Ministries*

1 Junie	Hillcrest Christian Fellowship, Hillcrest, Durban
29 Junie	Genesingsdiens, Shalom Fellowship, Greytown
19 Julie	Loftus Versfeld Stadionuitreik, Pretoria
2 Augustus	ABSA-stadion, Durban (Kings Park)
16 Augustus	Kroonstad Stadionbyeenkoms

Angus Buchan (van die film *Faith like Potatoes*) sal by hierdie geleenthede optree. Kontak hulle by *Shalom Ministries*, Posbus 744, Greytown, 3250. Tel.: 033 413 2287, sel: 082 382 0624, faks: 033 417 1343. Webruimte: www.shalomtrust.co.za, of e-pos: anley@gom.co.za of shalom@futuregtn.co.za

27 Junie - 4 Julie 2008: *Bybelse Wêreldbeskouing-beraad*
Die *Bybelse Wêreldbeskouing-beraad* se opleidingskursus vind van 27 Junie tot 4 Julie 2008 plaas. Vir meer inligting, kontak *Africa Christian Action*, Posbus 23632, Claremont, 7735. Tel.: 021 689 4481, faks: 021 685 5884. Webruimte: www.christianaction.org.za of e-pos: info@christianaction.org.za

9 Augustus 2008: *Nasionale Vrouedag*
Africa Christian Action beplan *Nasionale Vrouedag*-uitreike op 9 Augustus 2008 by Canal Walk, die Somerset Mall en Khayelitsha Koopsentrum in Kaapstad. Vir meer inligting, kontak *Africa Christian Action*, Posbus 23632, Claremont, 7735. Tel.: 021 689 4481, faks: 021 685 5884. Webruimte: www.christianaction.org.za of e-pos: info@christianaction.org.za

29 September - 3 Oktober 2008: *Watchman's School of Prayer*
Die *Watchman's School of Prayer* is in die formaat van 'n gebedsretraite. Die fokus sal op verskillende vorme van gebed wees, byvoorbeeld die *Harp & Bowl* gebedsmodel, Woordwagte ensovoorts as 'n manier om dag-en-nag met God te praat. Daar sal ruimte wees vir intieme omgang met God self, en lering oor hoe om 'n dieper gebedslewe met God te ervaar. Meer en kreatiewe maniere van gesamentlike en individuele gebed en hoe om met 24/7-gebed in jou kerk of gemeenskap te begin en daarmee vol te hou, is sommige van die onderwerpe wat aan die beurt sal kom. Daar is slegs plek vir 120 persone, teen R850 per persoon. Verlede jaar was dit vol bespreek. Registreer derhalwe so gou moontlik by Lizette, tel.: 021 919 7988 of e-pos: watch@jwipn.com

WAT, WAAR EN WANNEER

Internasionaal

Wêreldnaweek van gebed vir kinders in nood
Die *Wêreldnaweek van Gebed vir kinders in nood* is deur *Viva Network* begin en het reeds miljoene mense bymekaar gebring om vir kinders in nood te bid. Ongeveer die helfte van die wêreld se kinders verkeer in nood: Hulle leef in 'n toestand van armoede, uitbuiting en mishandeling. Individue, groepe en kerke onderneem elke jaar plaaslike gebedsgeleenthede om vir hierdie saak te bid. *Viva Network* voorsien gebedsmateriaal in verskillende tale om Christene te help om te bid vir die kwessies wat kinders wêreldwyd raak. Vir hulpbronne en inligting omtrent hierdie inisiatief, kontak pray@viva.org of gaan na www.viva.org

20 - 29 Junie 2008: *Voice of the Martyrs (VOM) 2008 National Persecution Conference*
VOM se *National Persecution Conference* word op 20-22 Junie en 27-29 Junie 2008 by die Oklahoma Wesleyan Universiteit, Bartlesville, Oklahoma gehou. Vir meer inligting, besoek www.persecution.com of e-pos: thevoice@persecution.com

8 Augustus 2008: *808 China Blessing*
Die *808 China Blessing* is 'n wêreldinisiatief wat 'n miljard Christene regoor die aarde wil verenig om op die aand van 2008-08-08 om 8 minute oor 8 vir Sjina te bid. Vir elke maand in die aanloop tot 8 Augustus, sal gebedswenke op die *808 China Blessing* se webruimte, www.808chinablessing.org, beskikbaar wees wat jou sal help om jou gebede op die spesifieke behoeftes in Sjina toe te spits. Al die jongste nuus oor die gebeure sal ook op die webruimte gelaai word. Moedig asseblief Christene aan om deel te neem aan hierdie inisiatief en aan te hou bid vir deurbrake in Sjina gedurende vanjaar se *Olimpiese Spele* van 8-24 Augustus in Beijing, Sjina.

Wat is aanlyn?

http://www.christianmobile.co.za/	*ChristianMobile South Africa* bestaan om elke selfoon gebruiker in staat te stel om die evangelie van Jesus Christus te kan hoor sodat elke selfoon gebruiker in Hom mag glo en Hom mag aanroep om gered te kan word deur Christus Jesus. 'n Aantal Bybels in verskillende Suid-Afrikaanse tale kan op jou selfoon vanaf hul webruimte gelaai word.
http://www.BibleBible.com/Hebrew/	Luister aanlyn na die Bybel in Hebreeus.
http://globalrecordings.net/	*Global Recordings Network* het nou opnames van evangelieboodskappe en basiese Christelike lering in 5 693 tale en dialekte beskikbaar. Hiervan is 4 515 op hulle webruimte beskikbaar om gratis na te luister en op jou MP3 af te laai.
http://freechristianaudiobooks.com/	Klassieke Christelike boeke deur skrywers soos E.M. Bounds, G.K. Chesterton en ander is beskikbaar in oudio- of teksformaat en kan gratis afgelaai word.
http://www.freeenglishnow.com	Die *FreeEnglishNow (FEN)* webruimte bereik 53 600 besoekers. Ongeveer 3 300 CD's van die volledige 16 les-kursus word maandeliks versprei en 6 700 lesse in TXT en MP3 vir handrekenaars. Die lesse in gesproke Engels sluit agt hoofstukke van die boek Handelinge in moderne Engels in en ook voldoende klankopnames vir nege maande se studie van die Engelse spreektaal. *FEN* bereik jong professionele persone en universiteitstudente in 188 lande wat nie deur die georganiseerde kerk betrek word nie.

Deurbrake

Rooi ligte doof uit in Amsterdam

'n Wonderwerk is besig om in Amsterdam se berugte *Rooi Lig-gebied* te ontvou, as gevolg van die gebede en optrede van baie mense die afgelope jare. Ondersteun deur twee derdes van die stad se inwoners en almal behalwe twee lede van sy stadsraad, is burgemeester Job Cohen besig om 'n waagmoedige plan deur te voer om bordeelvensters en sekskroeë te vervang met modieuse winkels, galerye, kafees, kantore en middestadbehuising. 'n Paar maande gelede het nuusberigte in Hollandse koerante 'n ooreenkoms tussen die stad en een van die gebied se grootste bordeeleienaars onthul wat ondernemings langs die gebou van *Youth With a Mission (YWAM)* in die omgewing het. Die stad het 30 van sy vensters gekoop, op voorwaarde dat die geld nie weer in die seksindustrie belê mag word nie. Burgemeester Cohen het in die openbaar verklaar dat die wettiging van prostitusie in Holland sewe jaar tevore eenvoudig misluk het. In plaas van om die owerheid groter beheer oor die bedryf te gee, het dit in wese 'n groter probleemvraag geword en derhalwe groter aansporing vir kriminele netwerke om vroue uit Oos-Europa, Sentraal-Asië, Latyns-Amerika en Afrika as sekswerkers in te voer. Hierdie onverwagte nuus het skynbaar uit die bloute gekom, maar dit volg ook op tientalle jare van Christelike bediening en gebed in die gebied. (Webruimte: http://joelnews.squarespace.com/thisweek/red-lights-go-out-in-amsterdam.html?printerFriendly=true).

Internasionaal: Klopjagte teiken £100 miljoen-dwelmnetwerk

Die polisie het klopjagte in en rondom Londen uitgevoer en 22 persone in hegtenis geneem in 'n operasie wat daarop gemik was om 'n £100 miljoen se dwelmsmokkelarynetwerk af te takel. Ongeveer 500 polisie-offisiere was betrokke by die klopjagte op 30 huise en besigheidspersele en 111 kilogram kokaïen ter waarde van £5,5 miljoen is op beslag gelê. (Webruimte: http://news.bbc.co.uk/2/hi/uk_news/7242229.stm).

Nuwe aangewese president van Suid-Korea is 'n uitgesproke, toegewyde Christen

Die pas aangewese nuwe president van Suid-Korea, Lee Myungbak, is 'n toegewyde Christen. As burgemeester van Seoel in 2004 het Myungbak verklaar: "Ek verklaar dat die stad Seoel 'n heilige plek is wat deur God regeer word; die burgers in Seoel is God se mense; die kerke en Christene in Seoel is geestelike wagte wat die stad beskerm … Ek wy Seoel nou aan die Here." Die feit dat hy hom openlik met die Christendom vereenselwig, kon sy kandidatuur vir die presidentskap ondermyn het omdat Suid-Korea histories 'n groot Boeddhistiese bevolking het, ten spyte van die baie kragtige evangeliese uitreik deur Christene, soos in die onlangse geskiedenis gesien, maar God se guns het op hom gerus. (Webruimte: http://atimes.com/atimes/Korea/JB01Dg01.html).

HET JY GEWEET?

***Radio Kansel* raap taal- en nasieboutoekenning van die dekade op**

Radio Kansel het die *Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad (PANSAT)* se toekenning vir veeltaligheid en nasiebou van die dekade in die elektroniese media hierdie jaar ontvang. As deel van hulle werk, maak die Taalraad toekennings aan persone en instansies wat veeltaligheid en nasiebou die afgelope dekade bevorder het. Radio Kansel saai tans op mediumgolf uit, AM 657, en deur hulle webruimte www.radiopulpit.co.za en wag nou op die uitslag van hulle lisensie-aansoek wat in September 2007 aan die *Onafhanklike Kommunikasie-owerheid van Suid-Afrika (OKOSA)* voorgelê is (*Radio Kansel*, Surisa Nel, tel.: 012 334 1237, www.radiopulpit.co.za of e-pos: surisa@radiopulpit.co.za).

Gebedswekroep: Statistiek oor die wêreld MIV/VIGS-pandemie

Die volgende is alles geraamde syfers van die jaar 2006:
Volwassenes wat met MIV/VIGS saamleef: 37,2 miljoen
Vroue wat met MIV/VIGS saamleef: 17,7 miljoen
Kinders wat met MIV/VIGS saamleef: 2,3 miljoen
Nuwe infeksies met MIV: 4,3 miljoen persone
Meer as 25 miljoen mense is sedert 1981 as gevolg van VIGS oorlede.
Daar is meer as 12 miljoen vigswesies in Afrika.
Die helfte van alle nuwe MIV-infeksies wêreldwyd kom voor by mense jonger as 25 jaar.
Ongeveer 6 000 mense word elke dag met die MIV-virus besmet.

(Webruimte: http://www.assistnews.net/Stories/2007/s07100139.htm).

Kindersendingvideo's nou op *YouTube*

Prayer and Fasting for Kids, *The 10/40 Window for Kids* en *Prayer walking for Kids* is nou op *YouTube* beskikbaar! Hierdie kragtige 6 minuut kindervideo's waarin kinders self die vertellers is, word reeds jare lank deur sendingagentskappe, Sondagskole en konferensies gebruik. Inligting bekombaar by:

Prayer and Fasting for Kids by http://www.youtube.com/watch?v=ZSbYXcN5VBQ, *Prayer walking for Kids* by http://www.youtube.com/watch?v=CQOLGTKL_ag, *The 10/40 Window for Kids* by http://youtube.com/watch?v=0A75w748_Ro (Brigada Today, e-pos: DLucas@TeamExpansion.org).

***Campus America* se oproep om te bid**

Die visie genaamd *Campus America* beoog om 'n geleentheid vir elke student in Amerika te skep om Jesus se teenwoordigheid te beleef deur middel van tye van dag-en-nag-gebed op die kampus van elke kollege en universiteit. Hulle moedig gebedsinisiatiewe onder vriende op kampusse regoor die land aan en wil graag vir 'n volle jaar lank, (die 2009-10 skooljaar), ononderbroke gebed op elke kollege en universiteit hê, met 'n periode van 24/7-gebed op elke kampus. Hulle missie is om gebed met een doel te mobiliseer: dat mense sal groei in hul liefde vir God, vir mekaar en vir die wêreld (**Mark.12:30-31; Jes.61**). Die hart van 24/7-gebed is 'n ware ontmoeting met Jesus. Van daar af sal gebede gerig word na buite ter wille van die wêreld (die kampus, die stad, die VSA en die nasies). Hierdie 24/7-gebedskamers sal 'n beginpunt wees vir hierdie generasie universiteitstudente om hulle lewens daaraan te wy om 'n merkbare verskil in die wêreld te maak. Die aflosstokkie van ononderbroke gebed word van kampus tot kampus aangegee soos hulle hierdie verenigde kreet aanhef. Vir meer inligting besoek http://campusamerica.org/ en http://www.24-7prayer.us

Die grootste verhaal ooit – uitgebeeld deur die oë van 'n vrou

Magdalena: Released From Shame is die verhaal van Maria van Magdala, ook bekend as Maria Magdalena, en wat sy moontlik kon beleef het terwyl sy saam met Jesus gedurende sy openbare bediening rondgegaan het. Deur haar oë beeld die film uit hoe Jesus vroue na waarde ag. Daar word gefokus op die historiese weergawes van sy omgang met hulle. Hierdie Magdalena-film is deur die *JESUS-Film Project* vervaardig. Vir meer inligting besoek www.MagdalenaToday.com

***ZOE*-bediening aan kinders in Zimbabwe**

ZOE is 'n bediening wat daaraan werk om plaaslike gemeentes regoor Zimbabwe te mobiliseer om na weeskinders uit te reik. Ongeveer 2 200 gemeentes besoek in totaal 60 000 behoeftige kinders in hulle huise, en verskaf 'n program van sorg en aktiewe ondersteuning. Elke gesin ontvang volgehoue ondersteuning in die een of ander vorm van klein onderneming of lewende hawe, sowel as hulp en aanmoediging om hulle kinders skool toe te stuur. Dank God dat ZOE en hulle vennote in staat is om kos te verskaf aan diegene met die grootste nood. (Zoe Ministry. Webruimte: http://www.zoeministry.org/).

TEKSTE OM TE MEMORISEER

1. Die Gees wat God ons gegee het, maak ons immers nie lafhartig nie, maar vul ons met krag en liefde en selfbeheersing (**2 Tim.1:7**).
2. Hy sê vir die Here: "U is my toevlug en my veilige vesting, my God op wie ek vertrou" (**Ps.91:2**).
3. Die liefde moet opreg wees. Verafsku wat sleg is en hou vas aan wat goed is (**Rom.12:9**).
4. Ek wil die Here loof! Here my God, U is baie groot, U is beklee met koninklike luister (**Ps.104:1**).
5. Ons Vader wat in die hemel is, laat U Naam geheilig word; laat U koninkryk kom; laat U wil ook op die aarde geskied, net soos in die hemel (**Matt.6:9-10**).
6. Mag hierdie bepeinsinge van my vir Hom aanneemlik wees! Ek wil my in die Here verbly (**Ps.104:34**).
7. Daar is immers net een God, en daar is net een Middelaar tussen God en die mense, die mens Christus Jesus wat Homself as 'n losprys vir almal gegee het. Dit was op die bestemde tyd die bewys van die bedoeling van God (**1 Tim.2:5-6**).
8. Mag God, wat vrede gee, julle volkome aan Hom toegewyd maak en julle geheel en al, na gees, siel en liggaam, so bewaar dat julle onberispelik sal wees wanneer ons Here Jesus Christus weer kom! (**1 Tess.5:23**).
9. My bede is dat die gemeenskap wat jy deur die geloof met ons het, jou 'n dieper insig sal gee in al die goeie dinge wat ons vir Christus kan doen (**Filem.v.6**).
10. Ek onthou wat U gesê het: "Julle moet My kom dien!" Ek is hier om U te dien, Here (**Ps.27:8**).

11. So het Hy, nog voordat die wêreld geskep is, ons in Christus uitverkies om heilig en onberispelik voor Hom te wees (**Ef.1:4**).
12. Wanneer ek in my gebede aan julle dink, bid ek dat die God van ons Here Jesus Christus, die Vader aan wie die heerlikheid behoort, deur sy Gees aan julle wysheid gee en Hom so aan julle openbaar dat julle Hom werklik kan ken (**Ef.1:17**).
13. Ek bid dat Hy julle geestesoë so verhelder dat julle kan weet watter hoop Sy roeping inhou, en watter rykdom daar is in die heerlike erfenis wat Hy vir die gelowiges bestem het, en hoe geweldig groot Sy krag is wat Hy uitoefen in ons wat glo (**Ef.1:18-19**).
14. In sy eie oë is alles wat 'n mens doen, reg, maar die Here toets die gesindheid (**Spr.21:2**).

Gebedsfokus vir 24/7-gebedswagte: Junie-September 2008

Die gebedsfokuspunte op hierdie bladsy is bedoel om almal wat by 'n 24/7-gebedshuis betrokke is, aan te moedig om op dieselfde dinge op dieselfde tyd in gebed te fokus. Dit is, soos altyd, slegs riglyne en koördineerders van gebedswagte kan hulle eie fokuspunte byvoeg soos die Heilige Gees hulle lei. Meer besonderhede oor hierdie sake is gratis beskikbaar op ons webruimte by www.jwipn.com. Onthou ook om op ons weeklikse *Prayer Alert* by cape@jwipn.com in te teken, wat weekliks huidige tersaaklike kwessies vir gebed dek.

Gebedsfokus Junie 2008: Kinder- en jeugfokus

Gedurende Junie moedig ons gebedswagte landswyd aan om op die kinders en jongmense van ons land te fokus. Twee belangrike gebeurtenisse gedurende hierdie maand is die gebedsfokus van *Children at Risk* (kyk na die inligting by 6 Junie en ook www.viva.org of pray@viva.org) en nasionale *Jeugdag*.

- Bid smekend vir kinders wat as seksslawe gebruik word, kinderarbeiders en die miljoene straatkinders wat haweloos is. Onthou: Elke kind is 'n kind!
- Bid dat hierdie kinders met die evangelie bereik sal word. Bid ook vir hulle fisiese versorging.
- Bid vir honderde duisende VIGS-wesies. Vra dat die kerk die verantwoordelikheid sal opneem vir hierdie kinders en vir hulle behoeftes sal sorg. Daar is reeds honderde gemeentes wat na sulke kinders uitreik. Bid vir fondse vir hierdie gemeentes, die werkers en ook dat baie ander gemeentes by hulle sal aansluit.
- Slegs 50% van alle kinders wat tans in ons land gebore word, sal die kans hê om die ouderdom van 15 jaar te bereik. Dit hou grotendeels verband met VIGS en siektes. Moet dit nooit vergeet nie.

In Junie is dit ook nasionale *Jeugdag* in Suid-Afrika (16 Junie). Die jeug van ons land het 'n enorme invloed op die bevolking. Ons is vinnig op pad na die stadium waar minstens die helfte van al die mense in die land jonger as 25 sal wees.

- Bid vir die redding van die jongmense in ons land.
- Bid dat dwelms, seksuele betrokkenheid voor die huwelik en bendes hulle houvas op ons jongmense sal verloor.
- Die jongmense is nie net die leiers van môre nie. Hulle gee reeds vandag op baie terreine die toon aan. Sodoende bepaal hulle tot 'n groot mate die tendense en kultuur vir die toekoms.
- Bid **Handelinge 2:17-20** vir hierdie generasie jongmense. Mag hulle as profete en priesters in ons nasie opstaan.

Gebedsfokus Julie 2008: Herlewing in die kerk in Suid-Afrika

Die kerk het 'n intense behoefte aan herlewing, hernuwing, hervorming en herstel. Kom ons fokus gedurende Julie op die kerk.

- Bid dat leraars na hulle eerste liefde sal terugkeer, na 'n nuwe intimiteit met God, 'n dieper verstaan van sy karakter en sy wil vir hulle lewens.
- Bid vir 'n passie vir siele in die kerk – om te sorg dat ongeredde mense na Christus kom.
- Bid dat God sy Gees van gebed en smeking op die kerk sal uitstort.
- Bid vir Christene in die werkplek om soos bedienaars van die evangelie in die werkplek te leef.
- Daar word elke jaar ongeveer 4 miljoen preke in hierdie land gepreek. Bid vir die salwing van die Heilige Gees op die prediking. Bid dat die kerk by die maatskaplike behoeftes van mense op elke terrein betrokke sal raak.

Gebedsfokus Augustus 2008: Sjina

Die *808 China Blessing* is 'n wêreldinisiatief om 'n miljard Christene regoor die wêreld te verenig om op die aand van 2008-08-08 om 8 minute oor 8 vir Sjina te bid. Vir elke maand in die aanloop tot 8 Augustus, sal daar wenke op die *808 China Blessing* se webruimte, www.808chinablessing.org, beskikbaar wees wat jou sal help om jou gebede op die spesifieke behoeftes in Sjina te fokus. In hierdie boekie plaas ons 'n tweeledige gebedsfokus op Sjina vir die duur van die *Olimpiese Spele*: eerstens sal ons bid vir ontvanklike harte vir die evangelie by die nasies van die wêreld wat Sjina gaan besoek. Tweedens sal ons fokus op 'n aspek rakende die evangelie in die kerk en onder die mense van Sjina. Oorweeg dit om te bid en te vas en vir God te vra vir ongekende geestelike deurbrake vir sowel Sjina as die nasies van die wêreld gedurende hierdie tyd. Lees ook die artikel oor Sjina by 13 Augustus. Hou in gedagte dat byna 25% van alle mense in die wêreld Sjinese is.

Verrassende feite ivm Sjina

- Min mense is bewus daarvan dat daar tans 'n ware en omvangryke herlewing in Sjina aan die gang is. Bid vir die leiers en veral vir gesonde onderrig wat stewig op die Bybel gegrond is.
- Bid vir die *Back to Jerusalem Movement* waar die kerk in Sjina besig is om 100 000 sendelinge van Sjina af Jerusalem toe te stuur. Die oogmerk is om al die nasies tussen Sjina en Jerusalem met die evangelie te bereik. Honderde Sjinese sendelinge het alreeds uit Sjina vertrek. Sommige het reeds met hulle lewens betaal.
- Bid dat die kerk teen dwaallering en sektarisme beskerm sal word.
- Bid vir Christene wat tydens die *Olimpiese Spele* na Sjina sal gaan – dat hulle verstandige, maar kragtige getuies sal wees. Bid dat talle organisasies deur hierdie oop deur die evangelie na Sjina sal neem. Bid vir hulle en hul families se beskerming.

Gebedsfokus September 2008: Ramadaan: 1-30 September 2008

Gebedswenke met volle besonderhede sal geplaas word oor hoe jy kan bid vir deurbrake vir die evangelie onder die 2,7 miljard mense wêreldwyd wat hulleself Moslems noem. Gedurende September vier hulle Ramadaan, wat vir hulle 'n tyd van vas en toewyding aan Allah is. Oor die afgelope aantal jare het 'n steeds toenemende getal Moslems die Here gevind. Skakel ons betyds indien jy die inligting voor 1 September benodig. Daar sal ook gedurende September gebedswenke vir elke dag in die gebedsgids wees. Moedig gebedswagte aan om hulle in September op gebed vir die Moslems regoor die wêreld toe te spits. Ons beplan om minstens 80 gebedspanne na die Midde-Ooste en Asië te stuur om gedurende Ramadaan in daardie nasies te bid. Kontak *Projek Masedonië* as jy belang stel om deel van so 'n gebedspan te wees of as jy jou eie gebedspan daarheen wil neem. (*Die Masedonië Projek*, tel.: 012 665 4892, webruimte: www.nametours.co.za/ of e-pos: info@nametours.co.za).

GESPREK MET DIE KATHU GEBEDSWAG

HOE HET JULLE GEBEDSWAG TOT STAND GEKOM?

Die verhaal van die Kathu-gebedswag het in 1996 begin tydens 'n deurnag-gebedsbyeenkoms by 'n plaaslike gemeente. Ons het 'n gesprek gevoer met van die mense van die Kathu-gebedswag en hulle vertel: "Ons het eenvoudig vir die volgende twee jaar net aangehou bid, elke Saterdagnag van drieuur in die oggend tot ligdag. God het ons bemoedig om aan te hou bid. Toe ons hoor van 'n belofte dat herlewing vanaf die suidpunt van Suid-Afrika gaan begin en dwarsdeur Afrika gaan beweeg, het ons besluit om met nuwe vuur te bid – want ons wou niks mis nie. Ons het op daardie stadium nog nooit eers van 'n gebedswag gehoor nie. Ons het mense gevra om saam te bid, maar ons het een fout gemaak, ons het 'n tyd gekies wat ander sou pas. So het dit gebeur dat ons oor die jare al min of meer alle tye van die dag en nag gebedsbyeenkomste gereël het, en nooit pas dit almal nie, want die mense wat sê hulle wil bid en dié wat regtig bid, is nie dieselfde nie."

"Op daardie stadium het so 2-12 mense elke Vrydagaand saam gebid. Die Here het vir ons geleer wat Kathu se skeppingsgawe is en die mense het hierdie Skrifgedeeltes getrou gebid. In Mei 2002 het ons amptelik ons gebedswag op Kathu geopen. Dorpe in die omgewing het van 2002 begin om saam te bid in 'n 24 uur-gebedswag. Elke dorp het sy eie gebedskoördineerder gehad wat gebed in daardie dorp kon organiseer. Uiteindelik was daar 5 organiseerders en elkeen van die dorpe het dan elke 5de week 'n 24/7-gebedswag gehad vir daardie 7 dae. In September 2004 het ons begin bid in 'n woonstel in 'n woongebied in Kathu. Dit was 'n groot stap vir die bidders om die skuif te maak van "bid by my huis" tot "bid op 'n sentrale plek". Vanaf 2007 Januarie, 11 jaar later, het die gebedswag in Kathu begin om dag-en-nag te bid. Die dorpe in

ons omgewing bid nou in 'n siklus van 4 weke, wat beteken dat elke dorp een keer per maand 'n kans het om 'n 24/7-gebedswag te reël vir 7 dae. Ons vertrou tans die Here vir nog 'n gebedskoördineerder op Postmasburg. In ander kleiner dorpe soos Dingleton, Olifantshoek en Hotazel, is daar steeds groepe wat weekliks of maandeliks bid."

WAT BEPLAN JULLE VIR DIE TOEKOMS?
"Mense sê soms vir ons, ons is seker bly dat ons droom waar geword het noudat bidders 24/7 bid. Ek besef toe dat ons dit nooit gedroom het nie, ons het net mense gesoek om te bid, maar 'n plek waar ons dag-en-nag bid – oor so 'n plek het ek nooit gedroom nie. Ek glo nogal nie aan die gedroom nie, as 'n mens weet die Here sê bid dan moet jy bid, en dit is dit. Wat daaruit voortvloei, is die Here se planne en nie 'n mens s'n nie. So, vir die toekoms beplan ons ook nie om te veel te droom nie. Ons beplan om aan te hou om te bid en mense te vra om saam te bid. Die een ding wat ons deur God se genade reg gedoen het, was om mense te vra om te bid, maar om self ook aan te hou om te bid."

HOE ORGANISEER JULLE 24/7 PRAKTIES?
"Op die oomblik is daar 4 organiseerders in Kathu wat elkeen 'n week van 24/7-gebed organiseer. Ons bid dan drie weke en in week 4 het ons 'n Woordwag waar ons net die Bybel lees. Na afloop van week 4 begin ons onmiddelik weer met week 1. Gedurende elke week bid daar min of meer 30 mense. Dus het ons so 120 mense wat elke maand die gebedswag besoek. Die mense wat bid, is afkomstig van verskillende denominasies en rasse - mans, vroue en jongmense. Die dag-en-nag-gebed in Kathu het baie werk en aandag geverg, met die gevolg dat ons verlede jaar glad nie na ander dorpe uitgereik het nie. Vanjaar is die gebedswag meer selfstandig en sal ons nou meer tyd hê om na ons vriende in die res van ons streek en, as dit kan, die Noord-Kaap uit te reik."

SIEN JULLE VRUG OP JULLE GEBEDE?
"Kathu is een van die voorspoedigste dorpe in Suid-Afrika wat finansies, integrasie van rasse en lae misdaadsyfers betref. In 'n koerant-berig verlede jaar in die *Volksblad*, was Kathu 2de op die lys van 10 munisipale gebiede waar mense graag wil woon. Die ander 8 streke was almal in die Wes-Kaap, net Kathu was van 'n ander provinsie. Behalwe dit glo ek dat die grootste vrug van die gebedswag gesien kan word in die persoonlike lewens van die mense wat daar gaan bid. Mense is besig om 'n leefstyl van gebed aan te leer. Byna alle mense wat daar gaan bid, getuig van die besondere teenwoordigheid van die Here wat hulle ervaar. Niemand gaan daar uit dieselfde as toe hulle ingegaan het nie, en dis hoe die Here ons land gaan verander. Een mens op 'n slag, een mens wat in God se teenwoordigheid kom, een mens wat besef dat Elia 'n mens was nes ek en jy, een mens op 'n slag wat God vul met hoop en heerlikheid. Indien ons nog glo dat God ons land kan en sal transformeer, sal dit slegs deur my en jou gebede gebeur. Dis in Sy teenwoordigheid waar Hy my verander, en Hy verander die mense wat ek vra om te bid, want ek kan nie. Hoe meer mense saam bid, hoe meer kan God verandering in ons land bring. Transformasie vir Suid-Afrika en Afrika kom slegs deur een mens op 'n slag wat bid en deur God verander word."

WATTER WENKE SAL JY VIR ANDER GEE WAT GRAAG MET 'N GEBEDSWAG WIL BEGIN OF WAT DALK SUKKEL?
"My raad aan mense wat nuwe gebedswagte begin, is dat hulle net dadelik iets moet doen. Moenie wag vir iemand anders nie. Moenie verwag dat jou dominee en pastoor dit sal doen nie, maar moet hulle nie in die proses uitsluit nie. MOET DIT NIE ALLEEN DOEN NIE, kry 'n gebedsmaat om jou te help. Doen wat jy dink in jou plek sal werk. Wees gewillig om klein te begin. Mettertyd sal God self vir jou rigting aandui vir jou dorp se spesifieke behoeftes. Verbind jou daartoe om op jou dorp 'n verskil te maak, hou op om ander oulike mense te nooi om daar te kom bid vir dit of dat, jy is die oulike een wat daar woon en jy moet die verskil daar maak. Moenie ophou bid nie, hou aan!"

WAT SOU JY SÊ HET JULLE VERKEERD GEDOEN?
"Ons het gedink dit sal makliker raak, maar dit het nie. Ons het gedink mense sal later self wil bid en dit het nog nie gebeur nie. Jy moet aanhou organiseer, 'n gebedswag moet deur iemand georganiseer word."

'N LAASTE WOORD?
"Ek, Elzana, is voltyds betrokke by die onderwys. Ronél is voltyds betrokke by die gebedswag. Saam glo ons God kan 'n verskil maak, selfs al lyk dit nie altyd so nie."

(Kontakpersone: Elzana Buckle by 072 434 4695 en Ronel van Vuuren by 082 960 1790, e-pos: elzanab@telkomsa.net).

Quotes

Ek is baie keer op my knieë gedwing deur die oorweldigende oortuiging dat ek absoluut nêrens anders het om heen te gaan nie. – Abraham Lincoln

Moenie vir gemaklike lewens bid nie. Bid vir sterker mense. Moenie bid vir take ooreenkomstig jou kragte nie, bid vir krag ooreenkomstig jou taak. – Phillip Brooks

Hoekom is dit belangrik dat jy met God en God alleen op die bergkruin moet wees? Dis belangrik omdat dit die plek is waar jy kan luister na die stem van die Een wat jou die geliefde noem. Om te bid is om te luister na die Een wat jou "my geliefde dogter" noem, "my geliefde seun", "my geliefde kind". Om te bid is om daardie stem tot die sentrum van jou wese te laat spreek en laat daardie stem in jou hele wese weerklink. – Henri Nouwen

Die liefhebber van stilte kom naby aan God. Hy praat met Hom in die geheim en God verlig hom. – John Climacus

Met gebed is dit beter om 'n hart sonder woorde te hê as woorde sonder 'n hart. – John Bunyan

Gebed is nie soseer 'n daad as 'n gesindheid nie – 'n gesindheid van afhanklikheid, afhanklikheid van God. – Arthur W. Pink

Bid dikwels, want gebed is 'n skild vir die siel, 'n offerande aan God en 'n wapen teen Satan. – John Bunyan

Party mense bid net om te bid en party mense bid om God te leer ken. – Andrew Murray

Jy kan 'n uur lank bid en steeds nie bid nie. Jy kan God vir 'n oomblik ontmoet en dan heeldag in voeling met Hom wees. – Fredrik Wisloff

Enige kwelling wat te klein is om in 'n gebed te verander, is te klein om in 'n las te verander. – Corrie Ten Boom

Werk asof jy 'n honderd jaar gaan leef; bid asof jy môre gaan sterf. – Benjamin Franklin

Daar is geen lewe in die wêreld wat soeter en aangenamer is as dié van 'n voortdurende gesprek met God nie. – Broer Lawrence

Niks bind die harte van Christene so aan mekaar soos om saam te bid nie. Nooit het hulle mekaar so lief as wanneer hulle die uitstorting van mekaar se harte in gebed aanhoor nie. – Charles Finney

In aanbidding, gee God ons deel aan Homself. – C.S.Lewis

God vorm die wêreld deur gebed. Hoe meer daar in die wêreld gebid word, hoe beter sal die wêreld wees, hoe magtiger die kragte teen die bose. – E.M.Bounds

Dit is moontlik om mense deur God in beweging te bring, deur gebed alleen. – Hudson Taylor

Om nasies terug te kry op hulle voete, moet ons eers op ons knieë neersak. – Billy Graham

Gebed is die oefening om uit die genade van God te put. – Oswald Chambers

Gebed is nie 'n monoloog nie, maar 'n dialoog; God se stem is die essensiële deel. Om na God se stem te luister is die geheim van die versekering dat Hy na myne sal luister. – Andrew Murray

God gee ons nooit insig sodat ons moet kritiseer nie, maar sodat ons kan intree. – Oswald Chambers

Leer om God te aanbid as die God wat wonders doen, wat begeer om in jou te bewys dat Hy iets bonatuurliks en goddeliks kan doen. – Andrew Murray

Aangesien God ons toekoms ken, ons persoonlikhede en ons vermoë om te luister, gaan Hy nooit meer vir ons sê as wat ons op die oomblik kan hanteer nie. – Charles Stanley

Om God tot die hart te laat spreek is 'n grootse ervaring, 'n ervaring wat mense kan misloop as hulle die gesprek monopoliseer en nooit stilbly om God se antwoorde te hoor nie. – Charles Stanley

Wanneer God praat, sal Sy stem dikwels vra vir 'n moedige daad aan ons kant. – Charles Stanley

Sy stem lei ons nie om vreesagtige dissipels te wees nie, maar onverskrokke getuies. – Charles Stanley

Om te sê dat ek na die beeld van God geskep is, is om te sê dat liefde die rede vir my bestaan is, want God is liefde. – Thomas à Kempis

Met God as jou vennoot, maak jou planne GROOT! – D.L. Moody

Skoonheid is God se handskrif. – Charles Kingsley